Dinamiese gemeentewees

Rinel Hugo

Jesus, die groot Dissipelmaker, het die eerste dissipels geroep en toe intensief opgelei en toegerus. Daarna het Hy hulle vertrou om alleen voort te gaan met die belangrike taak van kerkplanting.

In die Nuwe Testament is baie riglyne oor hoe gemeentes behoort te funksioneer en wat hulle taak is. Indien die kerk vandag relevant wil wees moet hierdie beginsels die koers van 'n gemeente bepaal en voortdurend herevalueer word.

Hoewel baie gedeeltes beskryf wat gelowiges moet doen, som die volgende twee stellings van Jesus dit goed op:

- **Gebod** – Jy moet die Here jou God met jou hele hart…….. liefhê en jou naaste soos jouself. (Matt 22:37-40)
- **Opdrag** – Gaan na al die nasies en maak hulle my dissiplels, doop hulle….. en leer hulle…….(Matt 28:19-20)

Om effektief te wees behoort 'n gemeente baie duidelik te weet waarheen hulle oppad is en hoe om lidmate te begelei, om dissipels te wees. Alle lidmate moet duidelik weet wat die gemeente se einddoel is.

Vlg Ef 4 : 11-12 gee God apostels, ……. herders en leraars ….. om die heiliges **toe te rus** vir hulle **dienswerk**, tot **opbouing van die liggaam** van Christus.

God roep geestelike leiers dus terug na hulle primêre rol van dissipelmakers.

Gemeentes is by uitstek die plek waar dissipels opgelei word vir dienswerk. Lidmate moet so toegerus word, dat die **hele gemeente** tot eenheid en volwassenheid kan groei. (Ef 4:12-13)

In sekere gemeentes is die predikant en kerkraad aktief, maar word lidmate se potensiaal slegs in 'n geringe mate benut. Dit is dus geen wonder dat predikante en leiers aan uitbranding lei nie. Slegs 'n tiende van die gawepotensiaal word benut en daarom raak die kerngroep oorwerk, moedeloos en gefrustreerd. Gemeentes begin koersloos rondhardloop om aktiwiteite aan te bied sonder 'n gefokusde doelwit.

Indien gemeentes vandag dinamies en gefokus wil wees moet gemeentes opnuut :

- God se stem hoor en bepaal wat is God se roeping vir hulle
- Herdefineer watter rol hulle binne die gemeenskap gaan speel/Visie
- Prosesse bepaal wat nodig is om die visie te bereik
- Die visie by herhaling aan die gemeente kommunikeer
- Aktiwiteite moet Bybels getoets word
- Lidmate toerus en oplei
- Lidmate se volle potensiaal en gawes ontgin
- ‘n Lidmaat-vriendelike struktuur skep, waar aksies kan plaasvind
- Deelname van elke lidmaat aanmoedig
- Vertrou dat lidmate ook geroep is om God se dissipels te wees

Lidmate moet egter ook bereid wees om dissipelskap te aanvaar. Om ‘n lidmaat te wees, het voorregte maar ook bepaalde verantwoordelikhede:

Lidmate moet opnuut :

- God se stem hoor
- Hulle roeping besef
- Hulle gawes tot beskikking van God stel
- Toerusting ontvang
- Liefdevolle dienswerk lewer
- Uitgestuur word

Wanneer die gemeente ‘n duidelike doelwit het, kan verskillende modelle of programme geïmplimenteer word. Die gemeente is nou nie meer programgedrewe nie, maar doelwitgedrewe. Beplanning sal met die oog op doelwitte gedoen word, en nie programme aanbied ter wille van programme nie.

‘n Duidelike doelwit/visie gee koers, dryfkrag, en energie aan die gemeente. Dit sal nie net groot gemeentes nie, maar ook kwynende of kleiner wordende gemeentes opnuut energeer. Gemeentes sal dissipels in die gemeenskap uitstuur wat hulle potensiaal en gawes gebruik om God te verheerlik.

‘n Doelgerigte gemeente is gefokus en die beste toegerus om mense in die veranderende wêreld van die 21e eeu te bereik en te bedien !!!